# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 209
9 Desember 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

Groep 44

Waarom is blondine grappies so kort? Sodat hulle dit kan onthou. Waarom hou Charlise Theron van weerlig? Sy dink dit is die paparazzi. Sy en die 43 mense wat van haar hou, sal jou vertel dat sy besig was met hiperbool toe sy beweer het dat Afrikaans ‘n sterwende taal met net 44 gebruikers is. Selfs al was dit hiperbool, was dit ongevraagd, onnodig en onwaar. Basta met die gedagte dat Afrikaans as taal uitsterf! Sy het duidelik met die nagskuit gekom en hoort in die nagkar *(Nagskuit - Dié uitdrukking het letterlik beteken "te laat kom", met die verdere toepassing dat 'n mens dan nie sou weet wat die onderwerp van die gesprek is wat jou koms voorafgegaan het nie. Die nagskuit het baie duidelik gekom nadat die mense al gaan slaap het. Nagkar – gaan vra oupa*) (*met erkenning aan dr Prinsloo se "SPREEKWOORDE" en waar hulle vandaan kom - 2004*). Sy het beslis goed geniet van die kromhoutsap (*'n Verwysing na die wingerdstompe wat allerhande verwronge vorms kan hê*).

Om haar te probeer reghelp, is om vere van ‘n padda te probeer pluk. Sy het haar eie mense, verlede en opvoeding geminag. Haar Aprilsvlieg-optrede (*Aprilsvlieg: Nes 'n Aprilsvlieg wees. 'n Lastige vlieg wat al om jou draai en in April uitbroei*.) is deels die rede vir haar ongewildheid.

Vele mense het na van haar rolle verwys en gewens die oud Benoni-burger land op die Bloksberg (*Dié Bloksberg bestaan werklik, maar onder 'n ander naam. Die uitdrukking het te make met Walpurgisnag. Dit is die aand voor Europese Meidag, wanneer volgens oorlewering al die hekse in die wêreld op sekere hoë plekke op aarde feesvier onder leiding van die duiwel, veral op die Brocken, die hoogste punt van die Harzberge in Duitsland. Hierdie spits staan in Afrikaans bekend as die Bloksberg. Om iemand soontoe te verwens is dus om hom in die middel van die hekse te wil hê!*). Nie dat sy juis aan die bokerf trek nie, (*Die bokerf was die hoogste kerf in die jukskei en as die strop daarin geskuif is, het dit stywer om die os se nek gesluit. Eintlik sê die spreekwoord dus dat jy wurg*); daar is net vele wat nie saam met haar ingespan wil word nie. Alle grappies op ‘n stokkie, (*Die stokkie waarna verwys word, is die sotskolf wat die nar aan die hof van die koning gedra het (dikwels in die vorm van 'n stok met eselsore). Die spreekwoord was eintlik 'n vermaning aan die nar om sy grappies nou te staak en vir homself te hou (letterlik op sy stok). Daar is 'n Groningse toevoegsel en 't stokje in 't vuur wat daarop dui dat die situasie so ernstig is dat die nar sommer die stok (met grappies en al) moet verbrand*) kom ons kyk net na ons Moedertaal. Wat sê Horak? (*'n Uitdrukking wat in die Paarl ontstaan het. 'n Sekere Horak het agtergekom dat die predikant Sondae sy preek so maak dat die hele gemeente besef dat dit op Horak en sy doen en late gemik is (waarskynlik meer op sy doen as op sy late). Natuurlik het mnr. Horak dit nie gelate aanvaar nie. Hy het dus Sondae by die kerkdeur gestaan en as die dominee iets beskuldigends sê, het hy gesê: As dit maar waar is! Naderhand het die mense as hulle iets betwyfel, eers gevra: Wat sê Horak?. Dié gesegde het nou bykans uitgesterf omdat niemand meer die verband met mnr. Horak van die Paarl kan lê nie.*)

Hierdie soetste taal is een van 7000 tale ter wêreld, net 139 tale word deur meer mense gebesig, voorwaar ‘n veer in die hoed (*'n Verwysing na 'n ou gewoonte in Asië, van die Amerindiane en ander volkere deur die eeue om 'n nuwe veer in hulle kopbedekkings te steek vir elke vyand wat gedood is. In Skotland en Wallis kry die jagter wat die eerste houtsnip skiet die eer om 'n veer van die voël in sy hoedband te steek.)*

Afrikaans het as basis-taal Nederlands. Daar is verskeie tale wat ‘n invloed gehad het op die vorming van die taal soos Portugees, Duits, Frans, Khoisan, Maleis, Zoeloe, Xhosa, Sotho en Engels. Daar is meer as sewe miljoen mense wat Afrikaans as moedertaal praat wat dit die derde mees gebruikte taal in Suid-Afrika, maak na Zoeloe en Xhosa. Tien persent van Namibië se bevolking praat Afrikaans en daar is selfs universiteite in Rusland wat Afrikaans doseer; altesaam vier en twintig miljoen mense wat die taal verstaan. Net vier ander tale kon dit in die 20ste eeu regkry om tot hoër akademiese vlakke te styg. Hierdie feite maak korte mette van die gewraakte oningeligte opmerking (*Die mette in die Katolieke Kerk was die eerste deel van die oggendgebed. Die woord kom van Latyn matutinae preces, "môregebede". Die monnike het dié gebede voor ontbyt bygewoon, en volgens oorlewering het hulle dan gehoop dat die voorste bidder net so honger as hulle is en die mette kort sou maak)*.

Om van Afrikaans ontneem te word, is elke Afrikaner se nagmerrie (Die nagmerrie het niks met perde te make nie, maar gaan terug op Nederlands nachtmare, waar die mare "kwelgees" beteken het). Nie almal van ons is oikofobiese (vrees/haat vir die eie) benoni-burgers nie. Ons is baie lief vir ons taal en poog om dit so suiwer moontlik te besig. Dit beteken dat ons soms woorde moet invoer, maar meer dikwels nog kreatief besig moet wees.

Te midde van al die verguising en pogings om Afrikaans uit te rangeer en te onderdruk - kom ons loop die saak tromp-op (*Die tromp is die loop van 'n geweer; om iemand dus tromp-op te loop, beteken om figuurlik tot by die punt van sy geweer te loop, dit wil sê vreesloos.)* en erken dat die henne wat die meeste kekkel nie die meeste eiers lê nie (*dié wat die meeste praat rig nie die meeste uit nie*).

Die uitdaging aan elke leser staan: Wees braaf en uniek. Praat Afrikaans, dink Afrikaans en skep in Afrikaans met Afrikaans. Diegene wat dit doen, is dan deel van die eksklusiewe groep 44!

Geseënde Christusfees aan al ons lesers.

*Dr. Johan Otto Premiermyn*

## BERIGTE

### LITIGASIE

(Herhaling en uitbreiding) Die NHKA het besluit om wel aansoek te doen om verlof tot appél by die Appélhof in Bloemfontein. Hulle het tegelyk aansoek gedoen om kondonasie (toestemming) vir die laat (5 maande laat) indien van die aansoek. Sogenaamde “klein gemeentes“ het (volgens mhulle) ook aansoek gedoen om by die aansoek gevoeg te word.

Die GHG gemeentes gaan die aansoek teenstaan. So gaan ons ook die aansoeke van klein gemeentes (restante vir eiendoms-doeleindes deur die NHKA op die boeke gehou) teenstaan. Hulle (boek-gemeentes) kan by die Teeneis gevoeg word. Die uitspraak het niks met hulle te make nie.

Dit is net verstommend dat die Kommissie en Litigasiekomitee tien jaar na die skeiding van weë weer onmin en onrus in plaaslike gemeenskappe wil stook.
Dit is duidelik dat die NHKA se Litigasiekomitee steeds vashaak by die 1893 uitspraak. Dit is daarom wenslik om die volgende sake onder lesers se aandag te bring:

**DIE IMPLIKASIES VAN 1893 VERDUIDELIK**

**Historiese agtergrond**Die Voortrekker kerk en die Kaapse NG kerk het besluit om te verenig. Dit is op sinodale vlak gedoen. Die besluit is nie afgewentel na gemeentes nie. Baie gemeentes is hernoem na "NG of H kerk van Afrika"
In Standerton was daar mense wat nie deel wou wees van die vereniging nie en hulle het hulle eiendom terug geëis. Die hof het in hulle guns beslis en daardie klein begin was die voortsetting van die Voortrekker kerk in Transvaal.

**Vandag**.
Wat is die boodskap wat vandag deur NGK en NHKA ampsdraers oorgedra word?
• Die eiendom van die gemeente bly die eiendom van die gemeente en daarmee saam die eiendom van die lidmate wat nie wegbreek nie.
• Indien 'n gemeente afskei, bly die eiendom dié van die NHKA lidmate wat oorbly.
Dit is korrek in omstandighede waar die gemeente eiendom het ten tye van die skeiding.

**Die hof het in 1893 bedoel:**
• Enige sinodale besluit wat die einde van die NHKA (of NGK) impliseer, is nie bindend op die gemeente nie omdat die eiendomsreg in die gemeente gesetel is.
• Dit is nie die sinode se eiendom nie.
• Enige handeling met eiendom na skeiding, is nie noodwendig bindend nie.
• Enige besluit voordat die besluit oor eiendom geneem is, maak dit moeilik om te keer dat die eiendom terugval na selfs die kleinste groepie mense.

**Implikasies vir vandag**
• Gemeentes was te bang om te sterk weerstand te bied omdat hulle geglo het dat hul eiendom in gedrang was.
• Enige handeling met eiendom moet binne die reëls van die kerkorde geskied i.t.v wie besluit, stemming, kennisgewing en dies meer.
• Enige handeling met eiendom binne normale omstandighede gaan nie betwis word nie.
• Gemeentes wat met eiendomme handel, se motiewe word nie in ag geneem nie; skenking aan die predikant, verkoop vir wins en dies meer.

**Die huidige geding**
<u>Die NHKA is oortuig:</u>
• 1893 se uitspraak geld ten alle tye ten opsigte van skeiding van die weë.
• Mense wat nie deel was van die besluit om die leiding van die NHKA te repudieer nie, is outomaties die eienaars van die eiendom of die eiendomsreg (laasgenoemde hulle kategorie).
<u>Die NHKA verstaan nie:</u>
• Die motief vir eiendom kan nooit (uitgesluit bedrog) rede wees om 'n transaksie te betwis nie.

• Gemeentes wat met eiendom gehandel het te midde van selfs die stryd, se optredes is wettig omdat hulle regspersone is wat nie besig was met bedrog nie.

• Gemeentes van die GHG het aan al die vereistes van die Kerkorde voldoen ten opsigte van kennisgewing, vergadering prosedures, besluite wat volgens stemme geskied, en al die sake relevant tot die transaksie.

• Voorkoopreg en die advies van die Raad van Finansies is nie dwingende sake nie; die Raad van Finansies is nie 'n geregistreerde finansiële dienste verskaffer nie en die saak kan uitgemaak word dat die klousule in die Kerkorde die landswette oortree het.

• Nie al die gemeentes wat hulself onafhanklik verklaar het, het sogenaamde "oorblyfsel gemeentes" gehad nie. So byvoorbeeld het onder andere Premiermyn en Noordelike Pietersburg volgens NHKA rekords reeds in 2012 ontbind!

• Waar hulle op die boeke verskyn, het die "oorblyfsel gemeentes" van die gemeentes wat hulle onafhanklik van die NHKA se leiding verklaar het, se lidmate nie noodwendig almal deel geneem aan die besluite wat geneem is nie.

• Die klein "oorblyfsel gemeentes" wat wel bestaan en soort van funksioneer sou lankal volgens die NHKA se eie Kerkorde moes ontbind.

• Diegene wat teen die onafhanklik-wording was, het nie noodwendig teen die beveiliging van eiendomme gestem nie.

• Selfs al was dit by wyse van genotuleerde teenstem, van die mense in die "oorblyfsel gemeente" was deel van die besluit om die eiendom te beveilig. Hulle het die geleentheid gehad om dit teen te staan, hulle kon stem. Daar is baie voorbeelde in die geskiedenis van gemeentes wat ten spyte van groot teenstand met eiendomme gehandel het met meerderheid van stem.

• Net omdat jy nie hou van die resultaat nie, beteken dit nie dat die res se optrede onwettig was nie. Met eiendomshandeling is meerderheid van stem wettig en geldig.

• Daar is wettig met eiendomme gehandel. Die eiendom is wettig geskenk.

• Geen bedrog is gepleeg nie. Enige bewering tot die teendeel is **laster** indien 'n nie hof bevind het dat dit bedrog is nie.

Die stryd om geregtigheid te laat seëvier duur met ander woorde voort. Gemeentes en lidmate word vriendelik versoek om **weer by te dra tot die regsfonds.** By voorbaat dank.

## KENNISGEWINGS

**LEWENSBROOD 2023**

Baie dankie aan al die gemeentes vir die ondersteuning en die bestellings.
Lewensbrood 20233/24 is klaar gedruk en gebind. U kan eersdaags aflewering verwag.

**DRUKWERK**

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*

**GELEENTHEID**

C AND S ACCOUNTING
Quintin Brandt Straat
Lynnwood
0081
Telefoon: 082 9740 413
E-pos: smitaccser@gmail.com

POS BESKIKBAAR VIR SUKSESVOLLE MATRIKULANT

Werksgeleentheid vir skoolverlaters om opgelei te word in algemene kantoor administrasie en boekhou werk by Rekenmeestersfirma in Pretoria Oos.

Permanente pos beskikbaar met groei potensiaal

R5 500 p.m. onderhandelbaar met hersiening na drie maande.

Mediese fonds op eie onkoste is beskikbaar

Eie vervoer word aanbeveel

Kontak:
Lecia Pienaar 082 974 0413 smitaccser@gmail.com
Piet Smit 082 577 5011 pietsmit@csaudits.co.za